Lantern

Jaargang 5 #7 • Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom die Bult • 21 Februarie 2016

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Lydingstyd: Die Here wat mens geword het vir ons

Ps 126-1: 1, 2
Lied 354: 1, 2 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: 1 Joh 3: 18-24
Ps 33-1: 1, 11
Skriflesing: 1 Johannes 1: 1-4
Teks: 1 Johannes 1:2 (Preekbegeleiding)
Lied 353: 1-3
Ps 134-1: 4 • SB 4-6: 1

17:00 Buitediens by die Botaniese Tuin

Ds Fanie Coetzee

Tema: Luister na God se stem

Ps 8-1: 1, 3, 4, 5 en 7
Ps 148-2: 1, 2, 3 (sing)
4, 5, 6, 7 (voorlees)
8, 9 (sing)
Skriflesing: Psalm 19
Ps 19-2: 1, 2
Sing: Ps 29-2: 1, 2, 3, 4, 5
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Rev Fanie Coetzee

Theme: The Lord my God, His creation and I

Scripture: Psalm 104 **Text verse:** Psalm 104:1

Liefdegawes by die deure

21 Februarie	Oggend: GKSA Sustentasie Aand: Meelewingsfonds
28 Februarie	Oggend: Teologiese Studentekas Aand: Meelewingsfonds
6 Maart	Oggend: Kerkgroei Deputate (Predikante Toerusting) Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Meelewing

Ons dink steeds aan **Martie Geertsema** (082 792 4846) wat in Millpark-hospitaal nuwe medikasie ontvang. Ons is dankbaar dat sy goed op die medikasie reageer.
Ons is dankbaar saam met **Rina van Wyk** (082 415 9805) en ook **Charles Williams** (079 167 5567) wat weer tuis is na hospitalisasie **Japie Arangies** (082 684 4547) was verlede week in 'n motorongeluk. Ons is dankbaar dat hy nie ernstig beseer is nie en terug by die huis is.
Nannie van der Schyff (071 060 2161) se moeder is Woensdag oorlede. Ons dink aan julle in hierdie tyd. Mag die Here julle troos.

Ons wil graag deel in jou vreugdes, en ondersteun in beproewinge of hartseer. Gee asseblief enige inligting deur aan die kerkkantoor of een van die predikante.

Verjaarsdae

Maandag, 22 Februarie
Gerhardus Middel 082 566 4227

Dinsdag, 23 Februarie
Zelda Gerber 082 306 3554
Liza Lemmer 074 588 8693
Willem Lessing 072 414 2556

Woensdag, 24 Februarie
Gerda Laufs 079 493 4594
Desiree Muller 082 528 0538
Chrissie Reinecke 082 467 7258
Sean Shin 079 730 9773
Betsie van der Westhuizen 082 363 8784

Donderdag, 25 Februarie
Annamarie Kruger 082 799 2509

Vrydag, 26 Februarie
Gerhard Oosthuizen 072 082 0489

Saterdag, 27 Februarie
Francois Wyma 1 082 336 8466

Teeskinkbeurte

21 Februarie
Wyk 9 (Debbie van Tonder – 084 555 0377)
KG 7 (Ina van der Walt – 084 700 7034)

28 Februarie
Wyk 10 (Cora de Beer – 082 392 8060)
KG 8 (Daleen Grobler – 082 440 7260)

Baie dankie!

{ Don't judge someone just because they sin differently than you. }

BUITEDIENS

Die Here roep sy kerk om die skepping te bewoon, te bewerk en te bewaak. Ek dink min mense sal verskil van die stelling dat ons as kerk nie hierdie roeping teenoor die skepping van ons Here nakom nie. God het ons in 'n verhouding nie net met Homself, met medegelowiges, met die wêreld geskape nie, maar ook in verhouding met sy skepping. Om ons daaraan te herinner het 'n gebruik ontstaan om een keer per jaar in die natuur 'n erediens te hou.

Ons gaan vanmiddag om 17:00 in die Botaniese tuin bymekaar kom vir die diens. Indien dit reën, sal ons om 18:00 in die kerkgebou dié diens hou.

Parkering: Ry by die NWU se Gerrit Dekkerstraat-ingang in, en draai dadelik regs. Ry verby Veritas en parkeer daar. Die agterhek na die Tuin sal oop wees.

G5 nooi die hele gemeente uit om saam te kom pannekoek bak en eet na die Buitediens by die kerksaal se kombuis.

mmm... pannekoek!

Wegneemete

Die susters bied weer 'n wegneemete aan en dié keer is dit hamburgers, teen R20 op Vrydag 26 Februarie. Daar sal heerlike hoender- of biefburgers wees met baie vulsel en sous en dit kan van 17:30 af opgelaai word by die kerksaal. Alle bestellings moet asb. op die lyste in die portale geskryf word, sodat ons kan weet hoeveel om te maak. Kom bederf jouself en jou gesin en ondersteun die susters-aksie asseblief.

Plaaslike Bybelverspreiding

Besit jy Bybels en geestelike boeke (Afr / Eng) wat nie meer gebruik word nie en dalk ook in 'n gehawende toestand (selfs met ontbrekende bladsye) is? Dit word herstel en versprei onder behoeftige persone in Promosa en onder gevangenes.
Gee dit asseblief af by die kantoor.

Welkom hier!

Ansie Maritz
072 360 5100

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Het jy vervoer nodig kerk toe?

Kontak vir Susan
082-563-1207
of
geeldogtertjie@gmail.com



☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Jannie Brink & Rudi de Lange	Diaken: Paulina van der Walt

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za
faks: 086-750-5339

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Ons nooi die hele gemeente uit om saam te kom pannekoek bak en eet na die Buitediens by die kerksaal se kombuis.

Kom geniet 'n koppie koffie, en goeie geselskap by die G5 koffiekamer elke Sondag aand na die diens.

Midweek gaan nog aan op 24 Februrie, asook 2 Maart met die tema verhoudings. Dis 'n geleentheid vir al die studente om mekaar beter te leer ken en saam geestelik te groei. Dit vind tussen 18:00– 19:00 plaas by die G5 koffiekamer. Almal is steeds baie welkom, al het jy die voriges gemis.

Daar is verskeie kleingroep projekte waarby jy betrokke kan raak. 'n Klein bietjie van jou tyd, beteken vir ander baie.

- Donderdae, 19:00 – 20:00, is daar 'n groep wat kinderhuis toe gaan, en daar met hulle gaan speel. Kontak vir Shama Louwrens vir meer inligting: 082 694 7201
- Daar is ook 'n ouetehuis projek. Kontak vir Nuette: 083 288 0757

'n Kleingroep is die perfekte geleentheid om verhoudings op te bou met mede gelowiges, en terselfde tyd jou verhouding met God te versterk. Daar is verskeie kleingroepe waarby jy as student kan inskakel.

Vir verdere inligting oor watter kleingroepe daar is om by in te skakel, kontak vir Suzaan: 076 050 9304

Het iemand jou al ooit 'n vraag oor geloof gevra, en jy het nie geweet hoe om te antwoord nie? 11–13 Maart is G5 Oppi-spot kamp waar die doel is om hierdie vrae te beantwoord. Daar sal 'n Facebook event gemaak word waar jy meer inligting oor die kamp sal kan kry. So kyk uit daarvoor! As jy reeds vrae het wat jy op die kamp wil bespreek e-mail dit vir Willem: steyn.willem@gmail.com Dis iets wat jy nie wil misloop nie!

Om op datum te bly van al die G5 bedrywighede, en 'n impulsiewe braai of twee: Word deel van die G5 Whatsapp groep om teleurstelling te vermy. Kontak vir Benette: 079 516 6369

Wie het jy vandag ontmoet?

Naam:.....Tel:.....
Werk / swot-rigting?.....
Interessante feit:.....

-Bybelleesprogram-

Ons het die jaar begin met 'n Bybelleesprogram vir ons hoërskoolkinders. Dit word gekoppel aan die Sondag-katkisasie. Ons gaan die jaar kerngedeeltes deur die hele Ou Testament deurlees en met hulle in die katkisasie behandel.
Ons wil graag die gemeente uitnooi om deel te neem aan die Bybelleesprogram. Dit behels 2 of 3 hoofstukke per week. Om te help om doelgerig Bybel te lees word die volgende standaard vrae gegee:

1. Wat sê God oor homself in die gedeelte?
2. Nou dat jy dit gelees het – hoe gaan dit jou verhouding met God beïnvloed?
3. Nou dat jy dit gelees het – hoe gaan dit jou verhouding met jou medemens beïnvloed?
4. Wat is daar uit die gedeelte waaroor jy God kan loof, Hom kan dank of vir Hom kan vra?

Die volgende gedeeltes is reeds gelees:

IN DIE BEGIN 7 Febr	Les 1 ☐ 1 Die skepping Genesis 1:1–2:25 ☐ 2 Die sondeval Genesis 3:1–3:24
14 Febr	Les 2 ☐ 3 Die sondvloed Genesis 6:5–7:24 ☐ 4 God se verbond met Noag Genesis 8:1–9:17 ☐ 5 Die toring van Babel Genesis 11:1–11:9
ABRAHAM, ISAK, JAKOB 21 Febr	Les 3 ☐ 6 Roeping van Abram Genesis 12:1–12:20 ☐ 7 God se verbond met Abram Genesis 15:1–15:21

Vir volgende Sondag is die volgende gedeeltes op die lys.

28 Febr	Les 4 ☐ 8 Isak se geboorte en "offerande" Genesis 21:1–22:19 ☐ 9 Jakob en Esau wedywer Genesis 27:1–28:22 ☐ 10 Jakob en Esau maak vrede Genesis 32:1–33:20

Indien jy die hele leesprogram vir die jaar wil hê kan dit vanuit die kerkkantoor vir jou ge-e-pos word. Ons beplan ook om elke week in die Lantern die leesstukkie vir die week te sit.

Pakkies vir Venterskroon

Jy is baie welkom om enige gebruikte klere, komberse, kombuisware of enige ander items by Fransa by die kerkkantoor af te gee. Ons gaan weer binnekort pakkies maak vir die gemeente in Venterskroon.

Hier is jou kans om iets te doen met al daai stukkies wol ... By die Venterskroon-gemeente is daar ongeveer 50 vrouens, 35 mans, en 60 kinders. Help ons asb musse hekel / brei sodat elkeen in die winter 'n splinternuwe mus kan hê. Dit kan ook by die kerkkantoor afgegee word.

Advertensies

Tuinwoonstel geskik vir enkelpersoon te huur in Bailliepark vanaf 1 Maart. Skakel met Hennie Goede 082 444 1631.

Ruim Bachelor Woonstel te huur – Molenstraat. Slaapkamer / woon, kombuisie, badkamer. Heeltemal privaat en veilige parkering. R2600 (water & ligte ingesluit). Onmiddelik beskikbaar. Skakel 079 167 5567

Jess en Stienie Nieman verneem graag van 'n tuinwoonstel of 'n gewone woonstel wat te huur is. Dit is baie dringend. Skakel direk met Jess by 073-260-8850.

Adri Labuschagne is steeds opsoek na skoonmaakwerk. Sy is bereid om enige iets te doen: klere was, stryk, huise skoonmaak binne en buite. Haar nommer is 076 622 7317.

Blyplek beskikbaar: Aparte woonstel, en gemeubileerde kamers. Troeteldiervriendelike erf, binne loopafstand van hoofkampus. Pryse wissel, R2000 – R2700 wat insluit water, elektrisiteit, parkering en internet. Kontak Lientjie 074 959 4493

Bekwame en deeglike huishulp beskikbaar vir dienswerk. 'n Hulp soos min, Evilina is 'n juweel vir jou huishouding. Ek kan dit net nie tans bekostig nie. Lientjie 074 959 4493

Pieter en Gerda Venter trek een van die dae weer terug Potchefstroom toe. Hulle is opsoek na 'n drie of vier slaapkamer huis om te huur. Hulle wil voor April intrek. Skakel gerus met hulle as jy kan help. Tel. 076 013 7769 E-pos: pieter145@gmail.com

Ja, hierdie is klein en die lettertjies spring rond as jy dit probeer lees. Maar kontak asb die kerkkantoor as jy meer inligting soek!



Skriba: Mias Smit: 084-510-9193
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Anja Viljoen: 082-053-9246
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: George Lotter: 083-284-7599
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Eunice Stoltz: 083-595-8981
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Hanlie Steyn: 083-654-8652
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Ben de Klerk: 072-183-1083
Venterskroon Diensgroep: Gerrit Pienaar: 079-527-2079
Finansiële kommissie: Lou van Wyk: 084-520-1086
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG